

Publication: Rekord Moot (Main)
Publication Date: 10 Aug 2018
Page: 12

AVE: 11193.93
Circulation: 33530
Part: 1 of 1



Tuine Sportklub se Grizzlies (eerste span) het Saterdag in die Tuks Rugbystadion geskiedenis gemaak toe hulle die Fezelas in die halfeindstryd van die Presidentsliga geklop het om vir die eindstryd te kwalifiseer. Hulle het nie net bewys dat die proefneming met dié nuwe unieke liga suksesvol was nie, maar die manne van die Weste is ook 'n stappie nader aan hul droom om permanent saam met die groot honde te kan blaf. **Foto: Johanna de Vos.**

# Dis Tuks teen Naka in Superliga-eindstryd

**Koos Venter**

Die rugbyspanne van Tukkies en ABE Midas Naka Bulle het bo enige twyfel bewys dat hulle die twee beste spanne in die nuwe interprovinsiale Super Klubliga is.

Dié twee klubspanne ontmoet mekaar op Saterdag, 18 Augustus op Loftus Versfeld in die heel eerste eindstryd van hierdie nuwe toernooi.

Hulle het die afgelope naweek onderskeidelik met Quins-Bobbies (QBR) en Rustenburg Impala afgereken in die halfeindstryde.

Op hul tuisveld het Nico Luus se Tukkies in die een halfeindstryd 'n moedige span van QBR met 67-17 kafgedraf en hulle is steeds onoorwonne in die toernooi.

Tuks het 10 drieë gedruk en daarmee 'n duidelike boodskap gestuur dat hulle gereed is om die nuwe Superligatrofee te voeg by die Carltonbeker, wat hulle verlede maand verower het.

In die ander halfeindstryd moes ABE Midas Naka Bulle na Rustenburg reis om Impala daar op hul tuisveld aan te durf.

Anders as die wedstryd in Hatfield was dié stryd baie taaier en die manne van die Moot moes alles uithaal om die Noordwesters te klop.

Die eindtelling was 27-19 in die guns van ABE Midas Naka Bulle.

Met vier drieë teen drie was Sylvester Booysen en sy manne uiteindelik welverdiende wenners. Hulle sal nou 'n tweede kans kry om 'n trofee te wen in hul 21ste bestaansjaar, nadat Tukkies verlede maand die Carltonbeker voor hul neuse weggeraap het.

- Die halfeindstryde van die Presidentsliga het ten minste een groot verrassing opgelewer toe 'n vasberade span van die Grizzlies (Tuine Sportklub) met Tukkies se naasbestes, die Fezelas, afgereken het om vir die eindstryd te kwalifiseer.

In dié liga het 'n aantal spanne uit die Blou Bulle se gewese Eersteliga teen top-klubs se tweede spanne meegeding en die Grizzlies het met hul plek in die eindstryd gewys dat hulle steeds op pad is na hul droom om uiteindelik 'n volwaardige Carltonbekerklub te word.

Fezelas was die voorlopers tot in die doodsnikke van die wedstryd, maar die Grizzlies wou eenvoudig nie besgee nie.

Toe 'n strafskop aan hulle toegeken word met sowat een minuut speeltyd oor, het die manne uit die Weste 'n tikskoppie gewaag.

Dit op 'n drie uitgeloop, wat hulle in staat gestel het om Fezelas met 30-29 te klop.

Die Grizzlies sal op 18 Augustus teen Rustenburg Impala te staan kom in die eindstryd.

Die Noordwesters se tweedes het hul eweknie van ABE Midas Naka Bulle in die ander halfeindstryd met 45-43 geklop.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.